

Inhoud Hierdie preek wys dat ons en ons kinders ingedoopt is in Christus en daarom het ons 'n Here wat ons altyd vir sy liefde heilig, foutloos en onberispelik maak. Omdat die Here ons so in sy liefde laat wees kan ons 'n lewe kan lei wat waardig is; vrug kan dra met die goeie werke, aanhou om geduldig te volhard met wat ons moet doen en vervuld leef met die volle kennis van wat God van ons verwag.

Skriflesing Kolossense 1: 9 – 12, 21,22.

Teks Kol. 1:22 “Maar nou het Hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen, sodat Hy julle, deur sy dood, heilig en sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.”

Tema Ons en ons kinders is in Christus heilig, sonder foute en onberispelik.

1. Ons doop vanoggend vir Adriaan, Daniel en Marthie se seuntjie, en klein Daniel se boetie.

As ons vanoggend vir Adriaan se pa en ma sou vra, wat se foute sien hulle in Adriaan raak, moet jy weet hulle gaan baie kwaad wees vir jou en antwoord: daar is niks fout met hom nie!

Net so! As jy sou vra waarvoor moet Adriaan raas kry, sal hulle ook antwoord: Niks nie!

En as jy sou vra wat maak Adriaan dat hulle nie heeltemal lief vir hom kan wees nie, maar net partykeer en net so bietjie, sal hulle dadelik antwoord: Niks nie! Hulle is volkome lief vir hom.

Dit is nou die seuntjie wat hulle wakker huil, sy doek vuilmaak, die hele tyd al die aandag eis, vir wie hulle alles moet doen omdat hy niks vir homself kan doen nie!

- Hulle sien niks fout met hom nie. Foutloos!
- Hulle sien niks waarvoor hy raas moet kry nie. Onberispelik!
- Hulle sien niks wat hom vir hulle minder lief maak nie. Heilig!

Die seuntjie wat hulle die hele tyd moeg maak en hulle hele lewe ontwig, is vir hulle heilig, sonder foute en onberispelik!

Hoe sien die Here vir Adriaan vanoggend? Dit is die Here wat volgens Kolossense 1: 16 alles, ook Adriaan geskep het vir en tot Homself. Dit is wat Kol. 1: 22 openbaar: Adriaan is vir die Here heilig, sonder foute en onberispelik. Dit is hoe God hom laat wees en sien, en dit is hoekom ons hom met water doop. Hy is ingedoopt in Christus en daarom heilig, sonder foute en onberispelik vir God. Die water wys hy is ingedoopt in Christus.

2. Die doop met water wys ons Adriaan is ingedoopt in die begrafnis van Christus en ingedoopt in die lewe van Christus na Hy uit die dood uit opgestaan het. Dit is wat ons heilig, foutloos en onberispelik vir God maak.

Dit is soos met klere! Wanneer is kinders se klere, heel – heilig, sonder kreukels – sonder foute en sonder vuil kolle – onberispelik? Dit is nou die klere wat Adriaan vanoggend as baba aan het.

Eintlik is 'n baba met skoon klere 'n wonderwerk! Want hy is die hele tyd besig om te kwyl, kort-kort gooi hy op en sonder ophou maak hy hom en sy doek nat en vuil. Maar hy is die hele tyd skoon!

Hoe werk dit?

Dit werk want hy het 'n ma wat sy klere die hele tyd was, stryk en heel maak. So! Wanneer jy sien Adriaan is skoon en netjies wat sien jy? Sien jy 'n Seuntjie wat nooit sy klere vuilmaak nie of sien jy hierdie seuntjie het 'n ma?

So!

Wanneer ons Adriaan met water doop as 'n teken dat Hy gaan vir altyd vir God heilig, sonder foute en onberispelik wees, wat moet ons in hierdie teken raaksien?

Wanneer ons vir Daniel sy boetie vra of hy sy boetie sien as 'n seuntjie wat altyd net liefde moet kry, sonder foute is en niks doen waarvoor hy raas kan kry nie, sal hy vir ons vertel dat hy alles sien waarvoor 'n mens sy boetie nie kan lief hê, ook al sy foute en alles waarvoor hy raas moet kry. En hy sal nie verkeerd wees nie.

Maar die doop wys ons nie hoe Adriaan as seuntjie gaan leef nie, heilig, sonder foute en onberispelik nie. Dit wys ons hoe gaan hy wees omdat Hy 'n Here het wat altyd hom gaan was en stryk en heel maak. Net soos 'n skoon baba wys hy het 'n ma, net so wys die doop ons dat Adriaan het 'n Here wat hom heilig, sonder foute en onberispelik vir Gods se liefde maak.

3. Hoekom doen Adriaan se ouers dit? Sorg dat hy altyd skoon, heel en gestryk is!

Dit kan ons vergelyk met wat Paulus in Kol. 1 verse 9 tot 12 stel. Hulle doen dit sodat hy

- 'n lewe kan lei wat waardig is;
- hy vrug kan dra met die goeie werke wat hy moet doen;
- om aan te hou om geduldig te volhard met wat hy moet doen en
- om vervul te word met die volle kennis van wat sy ouers van hom verwag.

Kom ons kyk hoe werk dit wanneer Adriaan eendag bulletjie-rugby gaan speel!

Wanneer hy vir 'n wedstryd op die veld gaan draf gaan hy sommer so blink skoon wees en sy klere sonder enige kreukels of vuil kolle! Met hierdie skoon rugbytrui, gestrykte broek sonder vuil kolle kan hy trots (waardig) sy wedstryd gaan speel. Hulle sit en kyk en omdat hy weet hulle sit en kyk is hy só gefokus vir wat hy op die veld moet doen: hy speel trots want hulle kyk trots; hy speel om hulle tevrede te stel (Kol. 1: 10) hy speel om goed te speel en om iets te bereik met sy goeie werk op die

veld; hy geduldig aan speel terwyl hy seerkry en die ander seuns baie groter as hy is en hy konsentreer om alles te doen net soos wat sy pa vir hom vertel het hy moet speel.

Wat gebeur terwyl Adriaan so fokus op die spel?

Hy gaan sy broek skeur en sy trui kreukel en vol vuil kolle val. Gaan sy stukkende, vuil en gekreukelde klere hom van stryk bring? Gaan hy bekommerd wees oor of hy sy trui gaan kreukel of nie? Gaan hy ophou om te speel as hy in modder val en sy klere vol vuil kolle maak? Gaan hy begin huil en van die veld af loop omdat sy broek geskeur het?

Nooit nie!

Want hy weet sy ouers wat kyk gaan alles weer was en stryk en heel maak. Omdat hy weet wat hulle altyd doen, bly hy op die spel fokus: trots, om tevrede te stel, vervul met kennis, geduldig en om goed te speel.

So fokus God ons in ons lewe met en vir Hom omdat ons weet God maak ons altyd vir sy liefde heilig, sonder foute en onberispelik. (Kol.1: 9 -12 en 22)

4. Ons doop Adriaan vanoggend met 'n teken wat ons wys hoe die Here altyd na Adriaan gaan kyk! Die Here gaan nooit kyk of en hoe Adriaan sy klere vuil maak, kreukel of skeur nie. Die Here gaan nie na sy sondes kyk nie want die Here kyk na hom as heilig, sonder foute en onberispelik.

Die doop is die teken waarmee Adriaan altyd kan seker wees só kyk God na my en daarom kan hy voluit sy lewe met en vir God leef.

Wat gaan met seuntjies en dogtertjies gebeur as hulle ma só sit en kyk hoe hulle speel: kyk nou net weer hoe vuil maak hulle hul klere, kyk net hoe gekreukel en vol kolle is die klere wat ek gewas het en nou weer moet gaan reg kry!

Kinders wat weet dit is hoe ma kyk, sal nooit weer op die spel kan fokus nie, hulle sal bang en ongeduldig word oor wat met hulle klere gebeur, ophou as hulle in die modder val en op die ou einde besluit dit beter om nie bulletjie-rugby te speel nie, want ma kyk altyd net na wat met my klere gebeur en is altyd ongelukkig met hoe ek speel.

Dan moet kinders anders begin lewe. As Adriaan weet sy ma kyk so na hom, dan moet hy 'n mooi seun word. 'n Mooi seun wat nie rugby speel nie want dit maak jou vuil. 'n Mooi seun wat altyd langs die veld loop en mooi klere wys.

So maak geestelikes vandag met ons kinders.

Hulle verkondig 'n God wat na mooi kinders wil kyk. Kinders wat nie sondes doen terwyl hulle die uitdaging van die lewe voluit vat, vervul met kennis van God, geduldig met foute, ingestel op goeie werke en met die vrede dat God my altyd vir Hom heilig, foutloos en onberispelik laat weet deur Christus nie.

Hierdie geestelikes wil ons kinders mense maak wat mooi gesindhede wys omdat hulle nie besig is met die roeping en werk waarvoor God hulle bestem het nie. Hulle speel nie meer die spel van die lewe nie, maar wys net mooi gesindhede vir almal. Mooi Christene! Christene wie se gewone lewe nie meer die goeie werke is waarmee hulle God dien nie.

Daarom wil hulle ook nie dat ons kinders doop sodat hulle weet hulle het 'n Here wat hulle altyd heilig, foutloos en berispelik maak nie. Hulle wil kinders doop sodat kinders moet glo hulle moet mooi kinders wees. Hulle moet leer om nie hulle klere vuil, stukkend en vol kolle te maak nie. Ons doop kinders om voluit die spel van die lewe te kan speel omdat die Here hulle altyd sal was.

5. Geestelikes preek ook 'n ander manier waarop God na kinders kyk! Hy kyk nie na hulle voor hulle nie eers tot bekering gekom het en begin het om self heilig, sonder foute en onberispelik te leef nie!

Dit is soos 'n pa wat nie gaan kyk na sy seun se bulletjie-rugby en sy skole-rugby terwyl hy vir die derde en twee span speel nie, maar eers na sy seun se wedstryde toe gaan om te kyk as hy vir die eerstespan gekies is.

Dan is hy 'n ouer wat nie in sy kinders se ywer en toewyding belangstel terwyl hulle foute maak en sukkel nie, maar eers as hulle uitsonderlik presteer begin hy belangstel omdat hy homself kan baai in die eer van sy kind as sy eie eer. So 'n ouer wil nie vir 'n kleintjie wat foute maak en sukkel ouer wees nie, maar wil deur die lewe van 'n spogkind sy eie lewe leef.

So verkondig geestelikes 'n God wat eers na kinders begin kyk na hul tot bekering gekom het en hulself heilig, sonder foute en onberispelik gemaak het sodat hierdie afgod deur hulle sy lewe kan begin leef.

So maak hulle dan die doop waarmee die Here ons wys Hy maak kinders heilig, foutloos en onberispelik vir sy liefde, 'n nuwe teken. Dit is nou die teken van kinders wat God se spogkinders geword het deur hulle so te bekeer dat hulle hulself heilig, sonder foute en onberispelik vir God gemaak het sodat God deur hulle sy lewe kan kom leef.

Hierdie God kyk nie na kleintjies nie, net sa spogkinders.

Ons doop Adriaan nie as die spogkind van 'n afgod nie. Ons doop hom sodat hy die teken kan dra dat Hy aan die Here behoort. Die Here Jesus wat kleintjies vir sy liefde heilig, foutloos en onberispelik maak sodat hul hul klein lewe vir en met God kan leef – want God kyk in liefde na hulle terwyl hulle klein-klein die spel van die lewe vir Hom speel.

Kom ons doop Adriaan sodat hy 'n teken dra dat die Here kyk hoe Hy leef, en Adriaan van kleinsaf die lewe só kan leef – ek het 'n Here wat kyk en welbehae in my het.